



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2021

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

PUNTE: 70

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 40 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae aandagtig deur en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A: Roman (35)

AFDELING B: Drama (35)

AFDELING C: Kortverhale (35)

AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 75 minute per afdeling.
8. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN				
Beantwoord slegs EEN vraag.				
VRAAGNOMMER			PUNTE	BLADSY-NOMMER
VRAAG 1:	<i>Kringe in 'n Bos</i>	Kontekstuele vraag	35	5
OF				
VRAAG 2:	<i>Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom</i>	Kontekstuele vraag	35	9
OF				
VRAAG 3:	<i>Meeulanders</i>	Kontekstuele vraag	35	13
OF				
VRAAG 4:	<i>Lien se Lankstaanskoene</i>	Kontekstuele vraag	35	17
AFDELING B: DRAMA				
Beantwoord slegs EEN vraag.				
VRAAG 5:	<i>Poppie – Die Drama</i>	Kontekstuele vraag	35	21
OF				
VRAAG 6:	<i>Paljas</i>	Kontekstuele vraag	35	25
OF				
VRAAG 7:	<i>Fiela se kind – Die Drama</i>	Kontekstuele vraag	35	29
AFDELING C: KORTVERHALE				
Beantwoord die vrae oor ALBEI kortverhale.				
VRAAG 8.1:	“Veertig sinkplate teen die suidewind” – Dana Snyman	Kontekstuele vraag	18	33
EN				
VRAAG 8.2:	Van Precious: 'n Buisie self – Maretha Maartens	Kontekstuele vraag	17	35
AFDELING D: GEDIGTE				
Beantwoord die vrae oor ALBEI gedigte.				
VRAAG 9.1:	Rondom my – D. De Jager	Kontekstuele vraag	17	37
EN				
VRAAG 9.2:	By die robot in Eerstelaan – Marita van Aswegen	Kontekstuele vraag	18	39

KONTROLELYS

Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.

AFDELING		VRAAGNOMMERS	VRAE BEANTWOORD	DUI AAN (✓)
A	Roman	1–4	1	
			OF	
B	Drama	5–7	1	
			OF	
C	Kortverhale	8	1 (2 kortverhale)	
			OF	
D	Gedigte	9	1 (2 gedigte)	

LET WEL: Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS A

“Wat soek jy hier?”	
“Vir jou.” Die manier waarop Maska daar gestaan het, sy gesig, het die tyding vooruitgeloop.	
“Is daar iets verkeerd?”	
“Jou pa. Hy is nie meer op die aarde nie”	5
Die woorde het hulleself in sy kop herhaal voordat die werklikheid hom getref het. Joram Barnard dood? Die Bos sonder Joram Barnard? Hy het die eienaardige gevoel gekry dat een van die groot kalanders in die Bos omgekap was en dat daar êrens 'n groot oopte oorbly ...	
Hy het teen Joram Barnard se hand gerebelleer, teen sy wil geskop en losgebreek en geweet dis met die krag van Joram Barnard wat in sy liggaam sit dat hy dit gedoen het, dat hy vrygekom het! Uit Joram Barnard se hand het hy die Bos leer ken, 'n skerm leer maak waaronder die kwaaieste winterreën jou lyf nie bykom nie.	10
“Pak vir hom vere soos vir 'n eend! Ek wil nie 'n sinkplaat sien uitsteek nie en gooi wal vir die water se wegloop!”	15
Onder Joram Barnard se hand is hy taai gebrei.	
“Moenie swak raak nie, Saul! Laat werk daardie saag se tande ... Toe maar, huil sal jy huil, Maar daarna sal jy weer lag! 'n Barnard sonder uithou is soos 'n skietding sonder kruit!”	20

- 1.1 1.1.1 Hoe het Joram Barnard gesterf? (1)
- 1.1.2 Hoe het Saul geweet dat Maska hom slegte nuus wou meedeel? (1)
- 1.1.3 Waarom is dit baie gepas dat Saul Barnard vir Joram Barnard met 'n kalender vergelyk? (1)
- 1.2 “Hy het teen Joram Barnard se hand gerebelleer, teen sy wil geskop en losgebreek ...” (Reël 10)
- 1.2.1 Noem die eerste insident, waar Saul, op 14-jarige ouderdom teen sy pa se wil gerebelleer het. (1)
- 1.2.2 Waarom kan jy simpatie met Saul hê, wat teen sy pa rebelleer? (1)
- 1.2.3 Hoe het Saul probeer om dinge tussen hom en sy pa reg te maak? (1)
- 1.2.4 Josef het as kind vir Saul stillietjies in die bres getree en beskerm. Sê waarom jy met die stelling saamstem. (1)

1.3 Verduidelik hoe die kennis wat Joram vir Saul geleer het, Saul later gehelp het toe hy 'n delwer geword het. (1)

1.4 Glo jy dat Joram sy seun liefgehad het? Gee EEN feit om dit te bewys. (1)

1.5 Voltooi die onderstaande paragraaf deur slegs die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die vraagnommers (1.5.1–1.5.3) en die antwoord neer.

Saul het altyd vir Joram as 'n sterk, trotse mens beskou. Hy is egter ontugter toe (1.5.1) ... sy pa verneder deur te sê dat hulle hout van (1.5.2) ... kwaliteit is. Saul weet dis nie waar nie en is geskok dat sy pa nie terugbakei nie. Hier het hy die eerste keer die (1.5.3) ... sirkel gesien waar die houtkopers die houtkappers uitbuit. (3)

1.6 Alhoewel Saul en sy pa baie verskil het, is daar tog ooreenkomste tussen hulle. Kies die karaktertrek wat in beide Saul en Joram voorkom.

- A Intelligent
- B Beskermer van die natuur/Bos
- C Hardkoppig
- D Eiewys en anderster (1)

1.7 Josef het vir Saul soos 'n buitestaander laat voel op hulle pa se begrafnis.

1.7.1 Hoe sou jy die situasie hanteer het as jy Josef was? (1)

1.7.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die feit dat Maska vir Saul van sy pa se dood kom vertel het, bewys aan ons dat hy lojaal teenoor (Saul/Josef) is. (1)

1.8 Die volgende gebeure in Saul se lewe het veroorsaak dat hy spesifieke brandmerke gedra het. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die brandmerke in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.8.1–1.8.4) neer.

KOLOM A	KOLOM B
1.8.1 Oproerling	A Saul weier om die kalender af te kap.
1.8.2 Wild en onnosel	B Saul weier om 'n pad te loop wat nêrens uitkom nie.
1.8.3 Verraaier	C Saul het die bloubokkie se kop oopgekap.
1.8.4 Weggejaagde	D Saul gaan vir Kersfees huis toe en sien stukke gebraaide olifantvleis in die skotte.
	E Saul gaan op die dorp vir MacDonald werk.

(4 x 1) (4)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS B

“Onderskat alles, Kate, maar nooit ’n olifant nie. Veral nie in natweer nie.” Toe hy opkyk, staan Oupoot sestig tree ver of minder, waar die sleeppad met ’n draai in die ruigtes verdwyn. “Kate....”	
Die volgende oomblik besef hy dat die olifant na hulle kant begin beweeg het. En hy skrik. Iets aan die dier is vreemd. “Saul?” Kate se naels slaan in sy bo-arm in. “Kyk daar!” “Ek sien hom...” Die boom wat hy vinnig vir haar kies om te klim, is ’n paar tree in die rigting van die aankomende olifant en hy voel haar langs hom huiwer. “Kom, Kate! Moenie hardloop nie, beweeg net saam met my. Stadig!” Eers toe hy haar by die wit-els het, verraai sy stem sy werklike angs. “Klim, Kate! Trap op my rug en klim hoog!” “Saul?” “Maak gou!”	5
Toe hy opkyk, staan die olifant dertig tree van hom af in die sleeppad en die loeries gorrel hees en sis soos slange. Hy hoor Kate klim en moet vinnig vir homself besluit: Daar is plek vir twee in die wit-els, maar sou die boom genoeg weerstand teen Oupoot hê? Hy draai sy oë ’n oomblik van die massiewe, donker lyf weg, kies vir hom die stinkhoutboom aan die oorkant van die sleeppad en begin sy hemp uittrek ...	10 15 20

1.9 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Oupoot wou hier vir Saul kom wys (dat Meulbos verwoes is / dat hy gekwes is). (1)

1.10 Kies die antwoord wat NIE korrek is NIE.

Kate het Saul na sy skerm agtervolg, want sy wou self sien waar hy bly. Een van die leuens oor Saul se blyplek was:

- A Hy leef soos ’n koning in ’n groot kliphuis.
- B Hy bly in ’n grot in die berg.
- C Hy bly by ou Sanna in Groot Eiland.
- D Hy woon in die bos tussen die houtkappers. (1)

1.11 Kate het vir Saul gesmeek om vir haar die Bos te wys. Hoe wou sy die Bos ervaar? (2)

1.12 “Kom, Kate! Moenie hardloop nie, beweeg net saam met my.” (Reël 10)

1.12.1 Wat doen Saul om Kate teen Oupoot te beskerm? (1)

1.12.2 Waarom is daar ’n moontlikheid dat Oupoot nie vir Saul sou seermaak nie? (1)

- 1.12.3 Oupoot was altyd in die mees kritieke oomblikke in Saul se lewe, by hom. Wanneer was die eerste keer toe Saul vir Oupoot gesien het? Noem TWEE feite. (2)
- 1.13 Die verhaal speel op twee tydsvlakke af: die hede en verlede. Wat gebeur in die volgende tydsvlakke?
- 1.13.1 Die verlede (1)
- 1.13.2 Die hede (1)
- 1.14 Oupoot word ook, soos Saul, vals beskuldig. Waarvan het hulle hom hierdie keer beskuldig? (1)
- 1.15 Saul het besluit dat Oupoot 'n waardige dood sou sterf.
- Waarom was dit vir Saul belangrik? (1)
- 1.16 Waarom stem jy saam dat Saul NIE in sy doelwit geslaag het dat Oupoot 'n waardige dood sou sterf NIE? (1)
- 1.17 Hoe sou hy verseker dat Oupoot se tande nie die Bos verlaat nie? (1)
- 1.18 Vul die ontbrekende woord in. Skryf slegs die vraagnommer (1.18) en die antwoord neer.
- Die feit dat Saul sy privaatheid hoog ag, maar tog aan die einde vir Kate gewys het waar hy bly, bewys dat hy werklik ... vir haar is. (1)
- 1.19 Kate het weer op haar beurt bewys dat sy Saul bo haar ouers kies. Dink jy sy het 'n wyse besluit geneem? Motiveer. (1)

[35]

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA
HOEKOM – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS C

Ek wens ek kon vir Sharon bel. Haar soebat om 'n paar dae vroeër te kom. As Sharon eers by ons is, sal my ma ons nie kan dwing om elke aand te maak of ons 'n gesin uit 'n vorige eeu is nie. Maar Beyers se selfoon werk nie hier op die berg nie. Ons is heeltemal afgesny van die buitewêreld. Soos 'n gesin uit 'n vorige eeu.	5

“Gaan kuier jy ooit vir haar?” “My pa gaan elke jaar vir 'n paar dae. Hy kan haar nie sover kry om vir ons in die stad te kom kuier nie. Sy sê sy hou nie van die geraas nie. Ek smee elke keer om saam te gaan, maar hy het gewoonlik een of ander verskoning. Ek dink hy's bang ek sal my neus optrek. Jy weet. Dat ek sal dink sy's te eenvoudig. So ek was jare laas daar. Maar ek onthou haar goed ...”	10

Ek vee die slaap uit my oë en trek my vingers deur my hare en hoop ek lyk nie té afskuwelik nie. Ek wil hulle nie afskrik voor hulle kans gekry het om hulle presente te oorhandig nie. Hulle hou omtrent almal geskenkpakkes vas. Nie Yann nie (natuurlik nie), maar al die ander. Selfs Margot.	15

- 2.1 2.1.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Hanna voel asof hulle 'n gesin uit 'n vorige eeu is omdat hulle die vorige aand (Krabbel / vasvraespeletjies) gespeel het. (1)
- 2.1.2 Gee nog TWEE ander dinge wat haar laat voel asof hulle in 'n vorige eeu leef. (2)
- 2.2 Waarom het hulle in die eerste plek op die berg vakansie gehou? (1)
- 2.3 Waarom was dit hoogs waarskynlik dat Mana en Beyers by mekaar sou uitkom? Noem TWEE feite. (2)
- 2.4 Hanna se familie is 'n samestelling van verskillende karakters, wat baie stereotipe idees verbreek. Verduidelik hoe elk van die volgende karakters stereotipes verbreek.
- 2.4.1 Mana (1)
- 2.4.2 Margot (1)
- 2.4.3 Gavin (1)

- 2.5 Sharon is Hanna se beste vriendin, na wie se koms sy baie uitgesien het.
- 2.5.1 Waarom is Hanna eintlik verbaas dat Sharon met haar bevriend is? (1)
- 2.5.2 Die berg het 'n vreemde uitwerking op almal gehad. Watter uitwerking het dit op Sharon gehad? (1)
- 2.5.3 Waarom kuier Sharon se ouma nie graag vir hulle in die stad nie? (1)
- 2.5.4 Dink jy dat Sharon se ouers die ware Sharon ken? Motiveer. (1)
- 2.6 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (2.6) en die letter (A–D) neer.
- Hanna het met haar verjaarsdag besef dat dit ... op verjaarsdae is om 'n groot gesin te hê.
- A ongemaklik
B nadelig
C voordelig
D gerieflik (1)
- 2.7 “Nie Yann nie (natuurlik nie). Maar al die ander, selfs Margot ...” (Reël 15)
- Was Hanna verbaas dat Yann nie 'n geskenk in sy hande gehad het nie? Motiveer. (1)
- 2.8 Hoe het die volgende twee karakters aan Hanna bewys dat hulle in haar as 'n skrywer glo?
- 2.8.1 Beyers (1)
- 2.8.2 Yann (1)
- 2.9 Wat kan jy aflei uit Hanna se houding dat sy nie daardie jaar vir 'n boek van haar ma gevra het nie? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS D

Liewe leser, daar het so baie dinge die afgelope paar dae gebeur dat ek amper van Fabienne vergeet het. Die koms van die reën, die koms van die eerste queen, die koms van die tweede queen. Die reën wat nie wil ophou nie. Steeds nie. En my verjaarsdag, natuurlik.	
Maar dis nou nie asof my lewe skielik in 'n sprokie verander het nie. Ek is steeds vasgekeer in 'n huis met 'n lekkende dak op 'n verlate berg.	5

“Julle het die kar tot hier gery, so julle sal dit seker weer tot onder kan ry”, sê Mana met die selfvertroue van iemand wat net mooi niks van karre weet nie. “Ek’s nie so seker daarvan nie.” Beyers laat sak sy stem sodat die res van die geselskap in die sitkamerdeel van die oop vertrek hom nie moet hoor nie. Ek lê op die rusbank, kamma verdiep in my biblioteekboek, maar my ore verander onmiddellik in satellietskottels. “Die probleem is nie net die kar nie. Hy kan altyd 'n lift saam met Margot terug Kaap toe kry. Maar ek dink nie hy óf Margot gaan môre in die Kaap uitkom nie.”	10

Hier kom 'n ding, dink ek terwyl ek langs my ma op die rusbank asemskep. Dis 'n ding wat al dae lank dreig om te gebeur, maar hier kóm dit nou. My stiefbroer en my beste vriendin dans die res van die aand saam.	15

- 2.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.10) neer.

In hierdie uittreksel is Hanna die ... aan die woord.

- A geïrriteerde tiener
 B aspirant skrywer
 C pessimis
 D verjaarsdagmaatjie (1)
- 2.11 Waarom is die volgende stelling ONWAAR? (1)
 Fabienne is 'n goeie vriendin van Hanna.
- 2.12 Stem jy saam met die volgende stelling? Motiveer. (1)
 Hanna voel dat sy Fabienne afgeskeep het.
- 2.13 Hoekom voel Hanna erg geïrriteerd deur Margot? (1)
- 2.14 “Ek’s nie so seker daarvan nie.” (Reël 9)
- 2.14.1 Noem die negatiewe uitwerking wat die reën op die omgewing gehad het. (1)
- 2.14.2 Waarom sou jy sê dat die reën katastrofiese gevolge vir Margot gehad het? (1)
- 2.14.3 Vir hoe lank sou die reën so aanhou, volgens die radio? (1)

- 2.15 “My stiefbroer en my beste vriendin dans die res van die aand saam.”
(Reël 17)
- 2.15.1 Hoe dink jy, voel Hanna oor bogenoemde stelling? (1)
- 2.15.2 Sou jy ook hier soos Hanna gevoel het? Motiveer jou antwoord. (1)
- 2.15.3 Hoe het Gavin later aan Hanna bewys dat hy haar aanvaar nes sy is? (1)
- 2.16 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.16.1–2.16.3) neer.
- Sharon is nie erg gepla dat hulle in die reën vasgekeer is nie, want dit beteken sy kan meer tyd met (2.16.1) ... deurbring. Gavin probeer die situasie red deur voor te stel dat hulle 'n (2.16.2) ... hou om almal se aandag af te lei. Hanna besluit sy sal liever 'n (2.16.3) ... verhaal oor Fabienne skryf. (3)
- 2.17 Die volgende gebeure het 'n rol in Hanna se lewe gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.17.1–2.17.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.17.1	Gavin kruip by die voordeur in.	A	Hanna skryf 'n roman.
2.17.2	Ditjie word gebore.	B	Die kar het in modder vasgeval.
2.17.3	Margot kry 'n rol as aktrise.	C	Die reën het opgehou.
2.17.4	Hanna hoor die gekwetter van voëls.	D	Margot knip haar naels.
		E	Die reën het aangehou val.

(4 x 1)

(4)

[35]

VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS E

Sy herken Die Stem. MacDonald neem sy radio wat byderhand lê. “Stasie staan by. Hoe lyk dinge op Meeuland vanmôre, kaptein? Oor.” “Die wind is tien knope suid en die temperatuur ag en twintig grade. Hoe laat loop die Meeuw uit? Oor.” “Ag dertig, Oor.”	5
“Mac, en luister, daardie navorser wat saamkom, wie de hel se aansoek was dit? Oor.” MacDonald kyk vlugtig na Ryna. “Kaapse orders, kaptein. Iemand van die een of ander instituut ...” terwyl hy ’n brief van sy lessenaar afhaal en dit bekijk, “’n Professor, A.F. van Keulen ... Or ... ni ... to ... logiese Instituut van Suid-Afrika. Oor.”	10
“Wel, iewers is daar ’n groot misverstand. Julle beter die Kaap laat weet dat daardie prof van wie ook al die kluts kwyt is. Drie jaar is uit! Oor.” MacDonald kyk vraend na Ryna, wat moedig probeer lyk. “Ons praat later, kaptein. Ons stuur vir julle die week se groceries. Maar die vleis-order het nog nie gekom nie. Oor.”	15
Die stem klink beneuk: “Dis nes die Kaap is! Sorg nie vir ons vleis nie. Maar stuur ’n ekstra man wat moet eet. Ek hoop die Van Rensburg-vent vreet perdevoete en pikkewyneiers.” Attie en MacDonald kyk na mekaar en kry groot lag.	20

- 3.1 Aan wie behoort “Die Stem” wat oor die radio gepraat het? (1)
- 3.2 Gee TWEE moontlike redes waarom die persoon oor Ryna se koms op die eiland omgekrap is. (2)
- 3.3 Uit watter vorige situasie het Ryna “Die Stem” herken? (1)
- 3.4 Wat sou jy doen as jy Ryna was en jy hoor wat Die Stem vir die tweede keer sê? (1)
- 3.5 “Kaapse orders, kaptein. Iemand van een of ander instituut ...” (Reël 8–9)
 - 3.5.1 Vir watter instituut werk Ryna? (1)
 - 3.5.2 Waaroor het haar navorsing op Meeuland gegaan? (1)
 - 3.5.3 Hoe sou sy op die eiland kom? (1)
- 3.6 Verwys na die uittreksel en sê watter groot fout “Die Stem” in verband met Ryna gemaak het. (1)
- 3.7 Die Kaap stuur nie graag vleis nie, maar wel kruideniersware. Wat, volgens ‘Die Stem’, sou Ryna moes eet? (1)

- 3.8 Kies die korrekte woord uit die tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.8) neer.

Meeuland was ook vir Ryna 'n plek waar sy (fisies / emosioneel) gesond kon word. (1)

- 3.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.9) neer.

Die Stem het gedink dat die professor wat Ryna gestuur het, die kluts kwyt is. Dit beteken dat hy ... is.

- A verbaas
B verstandig
C verstrooid
D mal (1)

- 3.10 Hoe voel jy oor die feit dat Elsabet nie juis moeite gedoen het om Ryna op die eiland welkom laat voel het nie? (1)

- 3.11 Hoekom het Ryna nie kans gesien om terug Kaapstad toe te gaan nie? Gee TWEE feite. (2)

- 3.12 Waarom is jy nie verbaas dat Ryna later goeie vriende met Doreen raak nie? (Dink aan Ryna se agtergrond.) (1)

- 3.13 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.13.1–3.13.2) neer.

Mattys is die eerste mens wat Ryna op Salamanderbaai ontmoet het. Hy is altyd besig om 'n ekstra (3.13.1) ... te soek. Hy is dus 'n (3.13.2) ... karakter. (2)

EN

TEKS F

“Pa ...”

“Laat my klaar praat!” Hy voel hoedat sy asem in sy keel brand, sodat hy die woorde hortend uithyg: “Jy ... Jy maak ’n plan met daardie vrou. Jy stuur haar terug eiland toe waar sy hoort, of jy trou haar. Maar solank sy in die hotel sit, sleep jy ons beeld dikker deur modder as wat Schalk ooit kon doen. 5

Schalk is ten minste openlik oor wat hy doen en nie doen nie.”

Hy moes nie Schalk ingesleep het nie, want Fred se oë word al donkerder: “Moenie met Skalla by my kom nie, Pa. As hy nie daardie aand met sy dronk gat agter die stuur ingeklim het nie, was Sheila nooit in ’n rolstoel nie. Dan was ons hele lewe anders.” 10

“Ek het dit nie verkeerd bedoel nie, Pa! Magtag! Ek wou net ’n verandering maak!”

Hy hoor haar woede en kyk op.

Dankie tog! Ja, kyk na my. Kyk ’n slag na my.

“Het jy dit met Fred bespreek?” vra hy fronsend. 15

“Moes ek? Ek kan darem seker ook besluite neem, Pa? Ek is siek en sat van haar gesig wat teen elke muur vir my sit en kyk. Van haar rolstoel wat hier rondstaan asof ons ’n invalide huisves.”

- 3.14 Waar het Elsabet gaan woon, onmiddellik nadat sy die eiland verlaat het? (1)
- 3.15 Waarom is dit belangrik dat die Blanckenbergs ’n goeie beeld in Salamanderbaai handhaaf? (1)
- 3.16 Fred haat sy broer. Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)
- 3.17 “Schalk is ten minste openlik oor wat hy doen en nie doen nie.” (Reël 6)
Wat sê hierdie woorde vir ons van Schalk se karakter? (1)
- 3.18 Hoe verskil Fred in bogenoemde opsig van sy broer? (1)
- 3.19 Waarom is dit ironies dat Elsabet Meeuland vir Salamanderbaai verruil het? Onthou om ALBEI kante van die ironie te noem. (2)
- 3.20 “Het jy dit met Fred bespreek?” vra hy fronsend. (Reël 15)
- 3.20.1 Wat is die verandering wat Elsabet in die Blanckenberg huishouding gemaak het? (1)
- 3.20.2 Stem jy saam dat Elsabet dit eers met Fred moes bespreek het, voor sy die verandering gemaak het? Motiveer. (1)
- 3.20.3 Op watter manier kon Fred sy vrou meer ondersteun het? (1)
- 3.21 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Fred se kind, (Bernard / Tamara) het nie daarvan gehou nie. (1)

3.22 Waarom is die onderstaande woorde kursief gedruk?

Dankie tog! Ja, kyk na my. Kyk 'n slag na my. (Reël 14) (1)

3.23 Elsabet het nooit die geheim oor Janka uitgevind nie en Ryna het gewonder of hulle nie haar van haar regmatige "rou" beroof het nie.

Hoe sou jy opgetree het as jy Ryna was? (1)

3.24 Die volgende gebeure het 'n rol in Ryna se lewe gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.24.1–3.24.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.24.1	Twilight kom huis toe.	A	Veronica soek vir Fred Blanckenberg.
3.24.2	Jacob beland in die tronk.	B	Die dood van Janka se ma.
3.24.3	Kinnie sterf aan maaggreep.	C	Janka word geskiet.
3.24.4	Sheila pleeg selfmoord.	D	Elsabet praat met Jackie.
		E	Skalla word raakgeskiet.

(4 x 1) (4)

[35]

VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS G

Die onder 16's lyk cool in hulle liggroen gholfhempies. Lien is beïndruk dat Braam en meneer Grobbelaar die hempies so vinnig gemaak gekry het. Sy dink Braam was bang Dirkie en Donovan verander van plan en hy kon seker nie wag vir sy R450 nie. Sy wonder of hy dit al gekry het en wat hy daarmee gaan doen. As sy hom daarvoor uitvra, maak hy of hy nie hoor nie en sy het nog nie 'n nuwe denim gesien nie. 5

Sy verwonder haar aan Braam wat so tuis is tussen sy maats. Hy maak kort-kort 'n opmerking en dan skeur die pelle hulle.

"Lekker, Braam!" skree iemand.

Hoe kan hy so leef asof daar niks in sy lewe verkeerd is nie, wonder Lien 10 jaloers.

Sy is verbaas om te sien dat Dirkie en Donovan ook vir die wedstryd opgedaag het. Braam het gesê hy het hulle genooi om vir Grobbies te ontmoet, maar sy het nie gedink hulle sal kom nie. Hulle moes Creations vroeg gesluit het, want dis nou eers halfdrie. Of 'n babalose Sue-Ellen hou dinge aan die gang daar. 15

Dirkie en Donovan sit by 'n jongerige vrou wat aandagtig luister terwyl Donovan iets vertel. Hy beduie vir 'n vale terwyl hy met sy hande rondom sy kop demonstreer.

4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

"Die onder 16's lyk cool in hulle liggroen gholfhempies." (Reël 1)

4.1.1 Van watter sport word hier gepraat? (1)

4.1.2 Hoe het Lien weereens die rol van haar ouers by die sportwedstryd oorgeneem? Noem TWEE feite. (2)

4.1.3 Kies die korrekte antwoord uit die tussen hakies.
Lien is (trots / jaloers) op haar broer omdat hy so vinnig aangepas het. (1)

4.2 Lien het aanvanklik begin werk om haar oorsese fonds aan te vul, maar dit het gou verander.

4.2.1 Waarom wou sy oorsee gaan? (1)

4.2.2 Wat het daartoe gelei dat sy die geld vir ander dinge moes gebruik het? (1)

4.2.3 Gee die byvoordele wat sy by Dirkie en Donovan geniet het. (1)

4.3 Motiveer waarom die stelling hieronder ONWAAR is.

Lien is by Millennium Creations afgedank. (1)

- 4.4 Lien se sin vir regverdigheid het haar haar eerste werk gekos.
- 4.4.1 Beskryf die insident wat daartoe gelei het. (2)
- 4.4.2 As jy in Lien se skoene was, hoe sou jy die situasie hanteer het? (1)
- 4.5 Lien en haar ma het nie altyd 'n goeie verhouding nie, tog is hulle in 'n mate dieselfde.
- 4.5.1 Noem EEN ding wat Lien en haar ma in gemeen het. (1)
- 4.5.2 Verduidelik hoedat Lien sterker as haar ma is. Noem TWEE feite. (2)
- 4.6 Dink jy dis wys van Lien om sterker as haar ma te wil wees? Motiveer jou antwoord. (1)
- 4.7 "Als is so duur," sê haar ma terwyl sy 'n paar goedjies uit die Pick 'n Pay sak haal en in die yskas pak.
- 4.7.1 Verduidelik die ironie in haar ma se woorde. (2)
- 4.7.2 Hoe laat Lien se broer haar in die steek wanneer sy met haar ma sukkel? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS H

Tibbey is op sy stukke. Lien hoor hom roep en lag en sy sien hy skarrel soos 'n <i>pro</i> tussen die karre deur, maak hier 'n geselsie en vee daar vinnig 'n voorruit met sy ou blou lap af. En die mense gee. Party waai selfs vir Tibbey as hulle wegtrek. Seker weer 'n <i>killing</i> , vermoed Lien.	
Sy voel moeg en sy het 'n hoofpyn wat skrik vir niks.	5
Teen kwart oor drie besluit sy om eers 'n draai by die sentrum te maak en iets by Spar vir haar hoofpyn te koop.	
'You're too early!' roep Tibbey toe sy by hom verbystap.	
"Ek kom nou terug," probeer Lien vir hom skree, maar die verkeer doof haar stem uit en Tibbey luister nie eintlik nie.	10
Tibbey-op-'n-high gaan soos 'n hanswors te kere, maak verspotte danspassies en roep kort-kort iets vir die suur motoriste.	
" <i>Something for the poor, my koning!</i> " hoor sy hom agter haar rug roep.	
Agterna kon Lien nie onthou of sy eers die dowwe slag en toe die skreeuende remme gehoor het, of eers die remme en toe die slag nie. Wat sy wel duidelik kan onthou, is dat dit vir 'n oomblik doodstil was.	15
Toe begin 'n vrou hysteries gil.	

- 4.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die woord "pro" (reël 2) impliseer dat Tibbey (pro-aktief / gesout / professioneel) in sy werk is. (1)

- 4.9 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.9) neer.

Volgens die uittreksel het Lien 'n hoofpyn ontwikkel. Volgens jou, voel Lien so, want sy ...

- A kom van die skool af.
- B moet nog gaan kook.
- C staan heeldag in die son.
- D dink aan haar reisgeld oorsee. (1)

- 4.10 “Something for the poor, my koning!” (Reël 13)

4.10.1 Na wie verwys die “poor”? (1)

4.10.2 Tibbey noem die suur motoriste “my koning”. Dink jy Tibbey is opreg wanneer hy dit doen? Motiveer. (1)

- 4.11 Tibbey het vir Lien gehelp om 'n sukses van die bedelary te maak. Noem EEN ding wat hy haar vertel het. (1)

- 4.12 Waarom stem jy saam dat Lien weer later medemenslikheid teenoor Tibbey kon bewys? Noem TWEE feite. (2)

- 4.13 “Tibbey-op-'n-high gaan soos 'n hanswors te kere ...” (Reël 11)

4.13.1 Watter houding teenoor sy werk word hier gedemonstreer? (1)

4.13.2 Haal VIER OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat op Tibbey se sukses as bedelaar dui. (1)

4.13.3 Wat word die ruimte / plek genoem waar Tibbey staan? (1)

- 4.14 Voltooi die paragraaf deur die uitstaande woorde in te vul.

Lien het ook geleer dat nie almal wat wil help, goeie motiewe het nie, maar dat daar wel goeie mense is. Tydens Tibbey se ongeluk, was sy uiters ontsteld. 'n Dokter het vir haar 'n (4.14.1) ... gegee, terwyl Sproet vir haar (4.14.2) ... aangebied het. (2)

- 4.15 Die volgende karakters het 'n rol in Lien se lewe gespeel. Kies die karakter uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.15.1–4.15.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.15.1	Hierdie karakter het vir Lien deur die kerk ondersteun.	A	Miemie
4.15.2	Hierdie karakter het geld vervals/gewas.	B	Juffrou Breytenbach
4.15.3	Hierdie karakter het vir Lien moeilik in haar kring aanvaar.	C	Lien se pa
4.15.4	Hierdie karakter het gesien dat iets in Lien se lewe skort.	D	Kuifie
		E	Roos

(4 x 1) (4)

- 4.16 Aan die einde van die verhaal het Lien by haar ma (in die kliniek) en pa (in die tronk) gaan kuier. Watter les leer jy by Lien oor vergifnis?

(1)
[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

Beantwoord slegs **EEN** vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

VRAAG 5: POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS I

HOEDJIE:	Mama het my gestuur. Sy is by die werk.	
POPPIE:	By die fabriek?	
HOEDJIE:	Sy doen huiswerk. Sy's wat mens sê 'n char. (Hulle begin stadig loop. Staan stil voor 'n huis. Mama het nog nie 'n huis nie, sy bly nog by mense van Lambertsbaai.	5
POPPIE:	Hauk, kyk na al die huise. Nou, hoe's daar nie 'n huis vir haar nie.	
MOSIE:	Julle moet Kaap toe gaan! Hulle het mos net gesê: Kaap toe gaan! Kaap toe gaan! Daar is plek vir julle in die Kaap, daai Nyanga is julle plek. Hulle mors met ons. Niks kom reg nie. In Lambertsbaai het ons nie papiere gehad nie. As hulle gesê het ons sal hier papiere moet kry, het ons geweet. Hoe kon ons dit nou weet.	10
HOEDJIE:	<i>Die grootste moeilikheid is die woonplek.</i>	
MAMA:	(aan Poppie) Dit gaat so moeilik met die inwonery. Hulle is so besig om die plek aan te lê en daar is so min huise, maar Mbatane het 'n erf gekry in Elsies en ons gaan nou daar huis opsit. (Pleit by Poppie) Julle moet in vrede saamleef, Poppie.	15
PLANK:	Maar selfs toe Mama intrek by die sinkhuis wat bhuti Mbatane in Elsies gebou het, was dit te vol. Net twee kamers, en Mama en bhuti Mbatane en hulle drie kinders, en bhuti Hoedjie, en ek, bhuti Mosie en Poppie en haar kind.	20

- 5.1 Van wie praat Mosie as hy sê “hulle mors met ons”? (Reël 10) Noem albei partye (die ‘hulle’ en ‘ons’). (2)
- 5.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die gevoel wat deur Mosie se woorde uitgebeeld word, is (afwagting/frustrasie). (1)
- 5.3 HOEDJIE. “Mama het my gestuur. Sy is by die werk.” (Reël 1)
Watter soort werk doen Mama? (1)
- 5.4 Hoe lank na Poppie se familie Kaap toe gegaan het, het sy by haar familie aangesluit? (1)

- 5.5 MOSIE. “Julle moet Kaap toe gaan! Hulle het mos net gesê: Kaap toe gaan! Kaap toe gaan!” (Reël 8–9)
- 5.5.1 Verskaf TWEE redes waarom Poppie maar opgepak het en Kaap toe getrek het. (2)
- 5.5.2 Watter wet het hulle in die eerste plek gedwing om Kaap toe te trek? (1)
- 5.5.3 Hoe is Poppie se skoonmense in Herschel deur hierdie wet geraak? (1)
- 5.6 MAMA. “Julle moet in vrede saamleef, Poppie”. (Reël 18)
- Waarom is dit verstaanbaar dat Poppie se Mama hulle waarsku om in vrede saam te leef? Gee TWEE redes. (2)
- 5.7 As vrou het Poppie baie meer as haar broers gesukkel om werk in die Kaap te kry. Verduidelik waarom die stelling WAAR is. (1)
- 5.8 Is dit aanvaarbaar dat Katy uit die skool moes bly om Poppie se kinders op te pas toe sy uiteindelik werk gekry het? (1)
- 5.9 Voltooi die onderstaande sin deur die ontbrekende woorde in te vul:
- Stone het ook by hulle in die Kaap aangesluit en werk by die (5.9.1) ... in (5.9.2) ... aanvaar sodat hulle (5.9.3) ... kan kry om in die Kaap te bly. (3)
- 5.10 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
- Poppie se vrese oor Stone se werk het later waar geword, want hy het (kanker/ tuberkulose) opgedoen as gevolg van die werk. (1)
- 5.11 Poppie en haar broers is van die Xhosa kultuur, maar hulle praat Afrikaans met mekaar.
- Verduidelik hierdie stelling deur na Poppie se kinderjare te verwys. (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS J

POPPIE:	Dit was in '76 toe die moeilikheid van Soweto Kaap toe kom.	

MAMA:	<i>(praat oor “telefoon”; klink asof sy haar eie woorde nie glo nie).</i> Dit lyk baie sleg by die lokasie, Poppie. Maar ons is almal in die lewe. Poppie, ons het getel daar staan tien nylons voor die poskantoor. En die skollies het die KTC- basaar in Gugulethu uitgerob. Hulle sê daar kom nie meer melk en brood in die lokasie nie, nou sal ek maar vanmiddag kos saamneem.	5
POPPIE:	En die kinders, Mama?	
MAMA:	Ek laat nie myne op straat nie. Al wat kind was, was dronk gister. Hulle het die biersale afgebrand. Dit was gebreekte bottels en kannetjies wyn en brandewyn wat sommerso op die strate uitloop. En toe kom die poliesse en die skietery. Maar eers het al wat kind is geloop met die bottel brandewyn of die bottel gin voor die mond asof dit cooldrink is.	10
POPPIE:	Maar die kinders wat geskiet is, Mama?	15
MAMA:	Ons kan nie tel nie. Mosie het gehelp met die pellets uithaal uit die kinders se arms waar hulle geskiet is. Party mense sê vyf is dood, party mense sê tien. Hoe kan ons tel? Maar ek self ken nie die kinders wat dood is se mense nie.	

5.12 POPPIE. “Dit was in '76 toe die moeilikheid van Soweto Kaap toe kom.” (Reël 1)

5.12.1 Na watter “moeilikheid van Soweto” word in hierdie teks verwys? (1)

5.12.2 Sou jy ook, soos die kinders in die Kaap gevoel het dat Soweto se “moeilikheid” ook jou “moeilikheid” is? Motiveer. (1)

5.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.13) neer.

Poppie se broer, Jakkie, was self in die onluste betrokke. Hy het as ... opgetree.

- A vredemaker
 - B vegter
 - C volgeling
 - D leier
- (1)

5.14 “Al wat kind was, was dronk gister.” (Reël 9)

5.14.1 Waarom is dit ironies dat die kinders dronk was? Noem beide kante van die ironie. (2)

5.14.2 Noem TWEE insidente waar die kinders hulle respek vir Plank verloor het. (2)

- 5.14.3 Voel jy dis reg dat die kinders hulle respek vir die ouer mense verloor het? Motiveer jou antwoord. (1)
- 5.15 Poppie was verlig dat haar kinders nie deel van die moeilikheid was nie. Motiveer die stelling. (1)
- 5.16 “Poppie, ons het getel daar staan tien nylons voor die poskantoor.” (Reël 4)
- 5.16.1 Dui aan hoe die regering as antagonist teen die kinders opgetree het. Noem slegs EEN feit. (1)
- 5.16.2 Watter ander groep het ook as antagonist teen die kinders opgetree? (1)
- 5.16.3 Waarom sou jy dit skokkend vind dat bogenoemde twee groepe teen mekaar geveg het? Noem TWEE feite. (2)
- 5.17 Die volgende gebeure het ’n rol in Poppie se lewe gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.17.1–5.17.4) neer.

KOLOM A	KOLOM B
5.17.1 Poppie word ’n makotie.	A Mnr. Stevens belowe vir Poppie ’n huis en skool vir haar kinders.
5.17.2 Poppie kry toestemming (’n pas) om in die Kaap te bly.	B Poppie word ’n huis en ’n skool belowe.
5.17.3 Poppie se kinders beland in die tronk	C Sy kry werk by Mrs. Swanepoel.
5.17.4 Poppie trek Mdantsane toe.	D Sy en Stone gaan Hershel toe. E Jakkie skiet ’n polisieman.

(4 x 1) (4)

[35]

VRAAG 6: PALJAS – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS K

	Hendrik en die twee kinders sit by die kombuistafel en brood en konfyt eet. Hendrik in sy spoorweguniform. Katrien staan en vadoeke uitspoel. Die twee kinders lyk nog nie heeltemal wakker nie. Hendrik sit vir Willem en kyk, heelyd terwyl hy eet: openlik en benieud, soos mens vir iets kyk waaroor jy nuuskierig is maar wat jy nie verstaan nie. Die kind is of onbewus daarvan of gewoon daaraan. Katrien staan met haar rug na hulle toe en werk. Sy het oë in haar agterkop.	5

HENDRIK:	As die trein vanmiddag nog hier is, dan wag jy vir my by die pad, verstaan? Jy loop nie alleen nie. En ek foeter jou as ek jou naby die hokke sien. Jy hoor, Willem? Willem knik en die bus hou stil en hy hardloop om by die bus in te klim.	10

HENDRIK:	Wat is dit, Katrien?	
KATRIEN:	(haar gesig 'n gepynigde vraagteken.) : Hoe het ons hier gekom? Hendrik gee twee versigtige treë trug in die kombuis in.	
HENDRIK:	...	
KATRIEN:	Wat het dan gebeur dat als..... so geword het?	
HENDRIK:	Ek weet nie, Katrien.	
KATRIEN:	Ons was tog op 'n tyd gelukkig!	15
HENDRIK:	Ons was. Ek is nog. Partykeer. (hy dink) Dis net: hoe meer ons wou diekant toe, hoe meer het als met ons daardie kant toe geneuk.	

- 6.1 In hierdie openingstoneel lyk dit asof die McDonalds 'n normale gesin is.
Wat is egter vreemd aan Hendrik en Katrien se huwelik soos ons uit die slaapkamertoneel kan aflei? (1)
- 6.2 "... Hendrik in sy spoorweguniform" (Reël 2)
- 6.2.1 Watter tipe werk doen Hendrik? (1)
- 6.2.2 Waar presies bly die McDonalds? (1)
- 6.3 Katrien word as 'n tipiese huisvrou uitgebeeld.
- 6.3.1 Noem EEN huistakie (behalwe dié in die teks) wat sy gereeld doen. (1)
- 6.3.2 Sou jy haar as 'n tipiese vrou/dame beskou? Motiveer. (1)

- 6.4 Hendrik blyk gefassineerd met sy seun, Willem, te wees. Motiveer die stelling deur te verwys na:
- 6.4.1 Wat Hendrik doen (1)
- 6.4.2 Die invloed wat sy fassinering op Willem het (1)
- 6.4.3 Die rede waarom hy gefassineerd met Willem is (1)
- 6.4.4 Waaruit blyk dit dat Katrien haar man baie goed ken? (1)
- 6.5 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.
- Die koms van die sirkus lei die (verwikkeling / motoriese moment) in. (1)
- 6.6 Voltooi die paragraaf hieronder deur die ONTBREKENDE WOORDE in te vul. Skryf slegs EEN woord langs die vraagnommers (6.6.1–6.6.2) neer.
- Willem was opgewonde oor die sirkus en het in (6.6.1) ... taal vir sy skoolmaats probeer sê. Hulle het hom egter nie verstaan en het hom (6.6.2) (2)
- 6.7 Wat kan jy aflei uit die kinders se houding teenoor Willem? (1)
- 6.8 Een van die temas van die drama is die gevoel van vasgevangenskap wat die karakters in die drama ervaar. Verduidelik hoe ons hierdie tema in die optrede van die volgende twee karakters kan sien.
- 6.8.1 Katrien (1)
- 6.8.2 Hendrik (1)
- 6.8.3 Wat kon Hendrik en Katrien gedoen het om gelukkiger te wees? (1)
- 6.9 Die volgende gebeure het 'n rol in die McDonalds se lewens gespeel. Dit is waarom Hendrik elke keer na 'n kleiner stasie toe getrek het. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die **stasie** in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.9.1–6.9.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.9.1	Soekmekaar	A	Baie mans hou van Katrien.
6.9.2	Lydensburg	B	Die stasiemeester hou van Katrien.
6.9.3	Toorwater	C	Die onderwyser hou van Katrien.
6.9.4	Twyfelfontein	D	Die ryk boer Pieterse
		E	Frans Lombard

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS L

'n Paar bakkies kom na die stasie toe aangery en kom hou voor die perron stil waar daar reeds 'n paar manne buitekant hulle voertuie staan. Hulle staan en rook terwyl hulle die wêreld om hulle bekyk. Almal het gewere by hulle. Party het nog hulle kerkkere aan. Die voertuie hou met groot bravade stil: stofwolke, remme, klappende deure. 5
Maar niemand praat nie. Dan sien hulle Hendrik aangestap kom. Katrien bly staan op die agterwerf. Aan Hendrik se stap kan 'n mens sien hy is die duiwel in.
Hulle wag vir hom.

HENDRIK: Wie gee julle die reg om op my eiendom te kom foeter met 'n spul gewere? 10
JAN MOL: Jou eiendom?
HENDRIK: Dis spoorweggrond hierdie.
JAN MOL: Waar's daardie Beëlsebub?
HENDRIK: Wat se wat? 15
JAN MOL: Moenie jou dom hou nie, McDonald. Daardie rooineus.

Hendrik staar hom net onbegrypend aan.

EMMA: Pa, ons is nie so ingewikkeld nie.
HENDRIK: Presies, ons is maar net mense. Wat dinge op ons eie manier doen. Maar daar is 'n groot wêreld daar buitekant, my kind, wat sê: Julle doen soos ons almal dit doen, of ons maak ons mausers leeg op julle. 20

Willem het binnegekom en hy staan langs sy ma.

KATRIEN: Sê hy al iets?

6.10 JAN MOL: "Moenie jou dom hou nie, McDonald. Daardie rooineus ..."
(Reël 16).

Na wie verwys die rooineus? Gee die persoon se naam. (1)

6.11 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (6.11) neer.

Die karaktertrek van Hendrik wat duidelik in die uittreksel na vore kom, is dat hy is ...

- A is beskermend teenoor sy gesin.
- B is besorg oor sy eiendom.
- C 'n goeie werknemer.

(1)

- 6.12 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die rol van die dominee in hierdie drama is die van 'n (doemprofeet / herder). (1)
- 6.13 Die optrede van die kerkmense teenoor die nar is ironies.
6.13.1 Waarom stem jy saam met die stelling? Motiveer. (2)
6.13.2 Waarom het die nar in die eerste plek die kerk besoek? (1)
- 6.14 6.14.1 Wat kan jy aflei oor die kleindorpse mentaliteit dat hulle na die nar as Beëlsebub verwys? (1)
6.14.2 Waarom het Hendrik nie eintlik die reg gehad om die kerkmense van sy huis af weg te jaag nie? (1)
6.14.3 Watter les kon die dorpsmense uit Hendrik se optrede teenoor die nar leer? (1)
- 6.15 Die koms van die sirkus het in beide Emma en Willem se lewe 'n positiewe invloed gehad.
6.15.1 Wat het die nar vir Willem geleer om te doen? (1)
6.15.2 Noem EEN manier hoe Emma ook deur die koms van die sirkus, positief beïnvloed is. (1)
- 6.16 Die gesin het nader aan mekaar beweeg, maar die dorpenaars was nog bevooroordeeld teenoor hulle.
Dink jy die dorpenaars het rede gehad om te glo dat hulle met duiwelskuns besig was? Motiveer. (1)
- 6.17 Op watter manier verskil die McDonalds van die res van die dorpenaars? Noem EEN feit. (1)
- 6.18 EMMA: "Pa, ons is nie so ingewikkeld nie." (Reël 19)
Sou jy hier Emma se optrede as volwasse beskou? Motiveer jou antwoord deur na hulle gesprek onmiddellik na die volstruisdans te verwys. (1)
- 6.19 Kies die korrekte antwoord uit die tussen hakies.
Aan die einde van die drama het die McDonalds gesin se aand op 'n (vrolike / hartseer) -noot geëindig. (1)

[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS M

ELIAS:	<i>(probeer opstaan)</i> Wat sê meneer daar?	
BOSWAGTER:	Hulle het hom agter die berg in die Lange Kloof gekry.	
ELIAS:	Meneer, jy praat 'n ding wat my kop nie wil vat nie, ek sit bedol.	
BOSWAGTER:	Jy beter maar eers bedaard bly, Van Rooyen. Baie dinge dui daarop dat dit jou kind kan wees, maar die saak is nog nie uitgemaak nie. Dis hoekom die magistraat jou en jou vrou Vrydag op die dorp in die hof wil sien.	5
ELIAS:	Jy sê hulle het die kind in die Lange Kloof gekry?	
BOSWAGTER:	Ja. By bruin mense. Hy is glo al nege jaar lank daar.	10
ELIAS:	Jy sê hulle het onse Lukas gekry?	
BOSWAGTER:	Die moontlikheid lyk groot.	
ELIAS:	Dit kan nie wees nie. Waar's hy nou, meneer?	
BOSWAGTER:	Nog daar agter in die Kloof. Hulle laat hom môre haal.	
	<i>Musiek op. Ligte uit en doof in. Toneel: voor Fiela se huis. Kinders besig op verhoog. Fiela kom uit die huis uit.</i>	15
FIELA:	Ons sal nie vandag veld toe gaan nie. Die alwee sal nie tap nie.	
DAWID:	Noordwestewind, ek het ook so gedink.	
FIELA	En jy lyk verniet so bly, Benjamin, jy sal eers die werf vee en die hoenderhok help skoonmaak voor jy loop speel.	20
BENJAMIN:	Ja, Ma. Fiela begin brood sny.	

- 7.1 Die boswagter het nuus gebring dat hulle moontlik Elias se kind, Lukas, gekry het. Wat is die naam van die plaas waar hulle hom gekry het? (1)
- 7.2. 7.2.1 Kies die korrekte antwoord uit die tussen hakies: (1)
Elias was (opgewonde / geskok) om die nuus te ontvang.
- 7.2.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 7.2.1. (1)
- 7.2.3 Die Boswagter het gesê dat hulle die kind by bruinmense gekry het. Dink jy hierdie inligting is relevant? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- 7.3 “Die moontlikheid lyk groot.” (Reël 12)
- 7.3.1 Verduidelik die moontlikheid in bogenoemde stelling deur na TWEE feite te verwys. (2)
- 7.3.2 Wat het, volgens bewyse, met klein Lukas gebeur? (1)
- 7.3.3 In watter fase van die drama kan ons hierdie inligting kry? (1)

- 7.4 “Jy sê hulle het die kind in die Lange Kloof gekry?” (Reël 9)
 “Jy sê hulle het ons Lukas gekry?” (Reël 11)
 Verduidelik waarom Elias hierdie verskillende aanspreekvorme gebruik om na Lukas te verwys. Noem TWEE feite. (2)
- 7.5 Elias het ‘probeer opstaan’ (Reël 1) toe die Boswagter hom kom sien.
 Wat het die veroorsaak dat Elias so moeilik opgestaan het? Noem TWEE feite. (2)
- 7.6 Hoekom was Barta ontsteld dat Elias hulle komberse neergegooi het? (1)
- 7.7 Voordat die Boswagter gekom het, het Nina hulle vertel dat sy ’n uil hoor roep het.
 Waarom was Barta nie bly toe sy van die uil gehoor het nie? (1)
- 7.8 Het die Bosmense se bygelowe hierdie keer vir hulle gewerk? Motiveer. (1)
- 7.9 7.9.1 Waarom was Barta nie juis ’n goeie keuse om oor Benjamin se toekoms te besluit nie? (1)
- 7.9.2 Watter gevolg het haar keuse vir Benjamin gehad? (1)

EN

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS N

<p> FIELA: Baas, ek het ver gekom, ek staan verkommer oor die kind, ek staan nie vandag hier voor weledele heer vir myself nie, ek staan vir ’n kind. God vergewe ons baie, maar God vergewe ons nie die kwaad wat ons ’n kind aandoen nie. Ek staan vandag in baas se mag en ek vra baas: hoe weet baas dit was nie die bosvrou se geluk nie? </p>	5
<p> MAGISTRAAT: Ek het nou genoeg gehad van jou! FIELA: Ek sal weledele heer glo, ek sal alles glo, ek sal by weledele heer se oordeel berus al sal dit soos ’n alweepil vir die res van my lewe in my keel vassteek..... </p>	10
<p> MAGISTRAAT: Sê wat jy wil sê, jy mors my tyd. FIELA: Laat roep die bosvrou..... Ek vra dit vir die kind se ontwil, baas. Hy ken nie ander ma as Fiela Kemoetie nie. As die volstruise eers uitbroei, gaan ek die ou spul Laghaans se huurgrond uitkoop en op sy naam laat sit. Ek bring vir baas ook ’n paar volstruiskuikens. </p>	15
<p> MAGISTRAAT: Die kind is by sy regte ouers. Wat hy die dag toe hy weggeraak het, aanhad, kan geen verskil maak nie. Jy kan hom enigtiets staan en aantrek en daarby sweer met die hoop dat ek jou sal glo. Jy kan selfs vir my kom sê jy het die klere gebêre en dit uithaal en wys en </p>	20

- 7.10 Een van die temas in hierdie drama, die mens se soeke na geluk en vrede, kom sterk in die uittreksel na vore. Vir wie se geluk is Fiela hier besig om te veg? (1)
- 7.11 Gee 'n rede waarom Fiela nie vir Benjamin onmiddellik Knysna toe geneem het toe hy as driejarige kind by haar gekom het nie. (1)
- 7.12 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.12) neer.
- Fiela voel dat die magistraat onregverdig opgetree het omdat:
- A Hy vier ander seuns saam met Benjamin laat staan het.
B Die Van Rooyens by die hof was.
C Sy nie daar kon wees nie.
D Benjamin te klein was om homself te verdedig. (1)
- 7.13 FIELA: “God vergewe ons baie, maar God vergewe ons nie die kwaad wat ons 'n kind aandoen nie.” (Reël 3–4)
- 7.13.1 Watter karaktertrek van Fiela kom sterk hier na vore? (1)
- 7.13.2 Fiela het uit die Bybel die idee gekry oor hoe om die saak van Benjamin se regmatige ouers op te los.
Van watter Bybelse koning het sy die idee gekry? (1)
- 7.13.3 Watter les leer ons hier uit Fiela se optrede? (1)
- 7.13.4 Wat wou sy graag hê moes die bosvrou sê wat sou bepaal of Benjamin werklik haar kind is? (1)
- 7.14 7.14.1 Fiela wou aan die magistraat bewys dat hulle nie arm is nie. Motiveer die stelling deur TWEE feite uit die uittreksel te noem. (2)
- 7.14.2 Hoe voel jy oor die feit dat die magistraat so kortaf met Fiela praat? (1)
- 7.14.3 Dink jy dit sal in haar guns tel dat sy die magistraat 'n paar volstruiskuikens aangebied het? Motiveer. (1)
- 7.15 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi.
- Volgens die uittreksel, sal Fiela die magistraat se beslissing aanvaar, al sal sy ... daarvoor voel.
- A kwaad
B ontsteld
C gelukkig
D bitter (1)

- 7.16 Watter woorde sê vir ons dat Fiela en Benjamin se lot totaal van die magistraat afhanklik is? Haal VIER OPEENVOLGENDE WOORDE uit die uittreksel aan. (1)
- 7.17 Die volgende gebeure het 'n rol in Lukas en Fiela se lewens gespeel. Kies die gebeure uit KOLOM B wat VOORAF plaasgevind het om by die aanhaling in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (7.17.1–7.17.4) neer.

KOLOM A	KOLOM B
7.17.1 “Mooie kind, Elias.”	A Fiela gaan te voet Knysna toe.
7.17.2 “'n spookskip by Noetzie. waar is Noetzie?”	B Benjamin keer terug Lange Kloof toe.
7.17.3 “Daar’s 'n hartseer in hom”	C Lukas is op pad bos toe.
7.17.4 “weet Mr Goldsbury van antie?”	D Tollie is tronk toe. E Nina stuur nie meer geld huis toe nie.

(4 x 1) (4)

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende kortverhale.

VRAAG 8: SPIEËLBEELDE**8.1 “VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND” – Dana Snyman**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS O

Johannes haal die sleutel uit sy sak en sluit die Bitter Lemongroen deur oop. Dit ruik na iets van als in Johannes se huis: tabak en paraffien, Lifebuoy-seep, sweet en piesangs. Dis net een vertrek, met 'n bed waarvan die pote op verblikke staan in die hoek. In die ander hoek is 'n primusstofie op 'n tafel.	
Die wynrooi bank met die hol sitplekke lyk bekend, want my pa het dit vir Johannes gegee. My oorlede ma het die bank in 1975 – ek onthou dit, want dit was die jaar toe TV-uitsendings in die land begin het – by Beares gekoop, saam met 'n Sony Trinitron-TV-stel. Op daardie bank het ek Kraaines sit en kyk, en <i>Wieliewalie</i> en die <i>Waltons</i> .	5
Bokant die bank hang 'n foto van Mamelodi Sundowns, Johannes se gunsteling-sokkerspan. Teen 'n ander muur is 'n geraamde sertifikaat. Ek verstaan nie wat op die sertifikaat staan nie, want dis in Tswane of Sotho, die een of ander taal wat ek nie verstaan nie.	10
Ek kan wel uitmaak die sertifikaat kom van 'n kerkgenootskap af en is op 26/7/1999 aan ene Tsepo Mbeli oorhandig. “Wats dié, Johannes? vra ek. Wie’s Tsepo Mbeli?”	15
Dis eers “n rukkie stil in Johannes se <i>makuku</i> , dan kom Johannes se stem uit die skemer agter my. Dis ek, <i>Makosi</i> . Dis nou ekke daai.”	

8.1.1 Johannes bly in 'n township in Ventersdorp, Suid-Afrika.

(a) Wat was die naam van Johannes se woonbuurt? (1)

(b) Hoe verskil die huise in die township van die verteller se huis? (2)

8.1.2 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer neer.

In hierdie verhaal tref ons 'n (ek-verteller / derde persoonsverteller) aan. (1)

8.1.3 Johannes se huis word uit die verteller se oogpunt beskryf. Skryf elk van die volgende neer:

(a) EEN ding wat die verteller sien (1)

(b) EEN ding wat hy ruik (1)

8.1.4 Wat was die doel van die verteller se besoek aan Johannes se huis? (1)

- 8.1.5 Sou jy sê dat Johannes 'n lui of flukse mens is? Motiveer. (1)
- 8.1.6 Op watter wyse respekteer Johannes die verteller? (1)
- 8.1.7 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer deur 'n aanhaling uit die uittreksel te haal.
- Die verteller se ma leef nog. (1)
- 8.1.8 Die verteller het nostalgies geraak oor die bank in Johannes se huis.
- (a) Hoe weet jy dat die bank vir hom goeie herinnering inhou? (1)
- (b) Watter tekens is daar dat die bank nie nuut is nie? (1)
- (c) Dink jy die verteller se pa is 'n goeie werkgewer? Motiveer. (1)
- 8.1.9 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by die plek in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–D) langs die vraagnommers (8.1.9 (a)–8.1.9 (c)) neer.

KOLOM A	KOLOM B
(a) Die vensterraam	A Rysmierbult
(b) Drie dakplate	B 'n Bouval naby Rietspruit
(c) Die deur was 'n tafelblad.	C Makokskraal
	D Ventersdorp se vendusiekrale

(3 x 1) (3)

- 8.1.10 Die verteller het Johannes baie beter geken na die besoek aan sy huis. Wat was, volgens jou, die belangrikste ding wat hy oor Johannes geleer het? Motiveer. (2)

EN

8.2 VAN PRECIOUS: 'n BUISIE SALF – Maretha Maartens

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

TEKS P

<p>“Ek hou nie van die tema nie,” het oom Willem gesê. “Wat verby is, is verby. Ons is nou voos gepraat oor die onregte: van die verlede en al daai jazz. Ek meen – dis politiek. En julle is skoolkinders. Hulle moenie julle koppe vol politiek stop nie.”</p>	
<p>“Willem,” het Ma probeer keer, “Coenie probeer net bietjie inligting uit jou uit kry.”</p> <p style="text-align: center;">*****</p>	5
<p>“Ag, ek wou nooit deelgeneem het nie,” sê hy. Jy begrawe jou talente, Coenie; jy moes lankal begin deelneem het. Dis 'n prestige geleentheid: die vyf beste redenaars uit elke skool ding teen mekaar mee. Jy moet net in jouself begin glo.</p> <p style="text-align: center;">*****</p>	10
<p>Wat doen ek verkeerd? Wat eet ek verkeerd? Of het ek net die hormone van 'n monster? Ek het 'n monster geword soos in Skoonlief en die ondier. Een van die dae sluip ek snags gebukkend tussen die struik rond; een van die dae brul ek my smart snags onder die volmaan uit.</p> <p style="text-align: center;">*****</p>	
<p>“Precious ...?” sê hy skor. “Is jy OK?”</p> <p>Sy roer. “Nee,” sê sy skor.</p> <p>“Het jy baie seergekry?”</p> <p>“Dis hier binne,” sê sy. “Ek kan nie lekker asemhaal nie.”</p> <p>“Lê net so stil,” sê hy. Hulle sal ons sien. Die ander bussie is nog daar bo.</p>	15

- 8.2.1 Waarvoor is Coenie besig om voor te berei? (1)
- 8.2.2 Wat is die verhouding tussen oom Willem en Coenie? (1)
- 8.2.3 Hoe voel oom Willem oor die verlede, volgens die uittreksel? (1)
- 8.2.4 Stem jy saam met oom Willem dat politiek en skoolkinders nie bymekaar hoort nie? (1)
- 8.2.5 Waaruit kan jy aflei dat oom Willem nie juis 'n gunsteling van Coenie en sy suster is nie? (1)
- 8.2.6 Watter feit is **verkeerd**? Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Ons leer sy suster in verhaal ken as iemand wat:

 - A Nie omgee vir ander se privaatheid nie.
 - B Sê wat sy wil.
 - C Eet wat sy wil.
 - D Altyd haar eie gemors skoonmaak. (1)
- 8.2.7 Dink jy Coenie het uit vrye wil aan die kompetisie deelgeneem? Motiveer. (1)

- 8.2.8 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die nommer (a–b) en die antwoord neer.
- Die grootste emosionele probleem waarmee Coenie worstel is sy (a) ... en sy fisiese probleem is sy (b) (2)
- 8.2.9 Met watter sprokieskarakter vergelyk Coenie homself indirek? (1)
- 8.2.10 Gee EEN rede volgens die teks waarom Coenie gedink het hy het sy probleem veroorsaak. (1)
- 8.2.11 Hoe weet jy dat Coenie bogemiddeld intelligent is? Motiveer jou antwoord deur VIER OPEENVOLGENDE WOORDE uit die teks aan te haal. (1)
- 8.2.12 Waarom sou 'n mens kon voorspel dat daar moontlik 'n ongeluk met hulle kon gebeur? Noem TWEE feite. (2)
- 8.2.13 Precious het moontlik 'n longbesering opgedoen.
- Bewys dat jy met hierdie stelling saamstem. Gee EEN feit. (1)
- 8.2.14 Voltooi die paragraaf deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die nommer (a–b) en die antwoord neer.
- Precious erken aan Coenie dat sy al wou doodgaan, as gevolg van die feit dat sy eendag (a) ... was. Hy vind uit dat niemand daarvan weet nie en besluit dat hulle daardie dag 'n sitting van die (b) ... kommissie sal hê. Hulle sal uiteindelik die waarheid vir mekaar vertel. (2)

[35]**TOTAAL AFDELING C: 35**

AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die volgende gedigte.

VRAAG 9: VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL

9.1 RONDON MY – Dawie de Jager

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

RONDON MY – Dawie de Jager	
1	Ek wil my tyd vat hierdie keer
2	ek moet my tyd vat hierdie keer
3	want die haastigheid in my
4	het my al veels te veel keer
5	ondergekry
6	my ondergekry.
7	Ek wil my tyd vat hierdie keer
8	ek moet my tyd vat hierdie keer.
9	Ek sien die blou in jou deur die bietjie in jou oë.
10	Ek weet daar is dinge wat jou ook nog pla
11	dinge wat jou terughou.
12	Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees.
13	Kom wees net jy, kom wees net jy.
14	As jy wil tyd vat hierdie keer
15	kom vat 'n rukkie hier by my
16	As jy wil tyd vat
17	kom wees hier rondom my
18	kom wees hier rondom my
19	net as jy wil ...
20	net as jy wil.

- 9.1.1 Wat is ongewoon aan die titel? (1)
- 9.1.2 Met wie kommunikeer die ek-spreker in die gedig? (1)
- 9.1.3 Kies die korrekte antwoord:
Die woorde “ek wil” reël 1 en “ek moet” reël 2, dui op die (desperaatheid / geduldigheid / dringendheid) van die spreker. (1)
- 9.1.4 Wat is die EEN groot fout wat die spreker al in sy verhoudings gemaak het? (1)
- 9.1.5 Haal 'n voorbeeld van assonansie uit reël 4 aan en onderstreep die klanke. (1)
- 9.1.6 Hierdie gedig is eintlik 'n liedjie. Noem TWEE kenmerke van die tipe gedig. (2)

- 9.1.7 (a) Van watter stylfiguur maak die spreker gebruik om die gevoel van nederlaag te beklemtoon? (1)
- (b) Met watter woord in strofe 1 vorm “tyd vat” reël 14 ’n kontras? (1)
- 9.1.8 Sou jy sê dat daar goeie kommunikasie in die verhouding is? Motiveer jou antwoord deur aanhalings uit die gedig. (1)
- 9.1.9 Die spreker is onvoorwaardelik lief vir sy meisie.
Haal ’n reël uit strofe 2 aan wat hierdie stelling motiveer. (1)
- 9.1.10 Dink jy dis wys vir die aangesprokene om in die verhouding te gaan, aangesien daar “dinge” (Reël 10) is wat pla? (1)
- 9.1.11 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die (a) (paarrym / gebroke rym) versterk die idee dat die spreker se
(b) (huidige / vorige) verhoudings nie gewerk het nie. (2)
- 9.1.12 “Ek sien die blou deur die bietjie in jou oë” (Reël 9)
- (a) Gee die letterlike betekenis van die woord “blou”. (1)
- (b) Wat is die konnotatiewe betekenis / metaforiese betekenis van “blou”? (1)
- 9.1.13 Watter les kan jy uit die spreker se ervaring leer? (1)

EN

9.2 BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN – MARITA VAN ASWEGEN

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

BY DIE ROBOT IN EERSTELAAN – MARITA VAN ASWEGEN

1 twee pare voete girts oor die teer
 2 sy arm en nek is so styf en seer
 3 sy bene so lam van gister se staan
 4 ingehaak volg hy gedwee waar hulle gaan

5 motors se bande knars tot stilstand
 6 in die blikkie klingel vyf sent en 'n rand
 7 hy ruik die vis - en - tjiptwinkel van eerstelaan
 8 hier by die robot waar hy die dag omstaan

9 sy arm word gepluk en geruk en hy skrik
 10 toe sy voet dom oor 'n pyp eenkant toe swik
 11 "ons beter geld kry, of ek los jou hier,"
 12 sis die tsotsi en sy asem ruik na bier

13 sy hart klop vinnig soos dié van 'n bang kind
 14 hoe sal hy weer sy lêplek van hier af kan vind?
 15 die verkeerslig klik en die enjins brul saam
 16 sy dowwe oë bewend opwaarts geslaan

17 trieng, trieng lui 'n fiets se klokkie
 18 hy buk af en trek aan sy stukkende sokkie
 19 die verkeerslig klik en bande skuur oor teer
 20 sy arm en skouer is so styf en so seer

21 'n motorruit tjier af en ver weg dreun 'n bus
 22 as die dood hom tog net wil kom haal
 23 dan kan hy vir ewig en altyd rus
 24 die tsotsi skraap sy keel en spoeg 'n straal

25 geld klingel in die blikkie en lê dan stil
 26 die duiwe koer en 'n kindjie jil
 27 "mammie hy's blind," piep 'n dogtertjie sag
 28 hy draai sy kop skuins en hy wag

29 "hier's nog tien rand," sê die vrou
 30 "koop vir jou iets om aan te kou"
 31 die verkeerslig klik en hy hou aan met wag
 32 die tsotsi pluk hom aan sy seer arm en lag.

9.2.1 Hoeveel mense staan by die robot? (1)

9.2.2 Verduidelik waarom die s-klank in reëls 3–4 herhaal word. (1)

9.2.3 Wat noem ons die halfrym wat in VRAAG 9.2.2 plaasvind? (1)

- 9.2.4 (a) Gee 'n beter Afrikaanse woord vir robot. (1)
- (b) In watter opsig word die bedelaar soos 'n "robot" uitgebeeld? (1)
- (c) Hoekom is dit verstaanbaar dat die bedelaar bang voel? (1)
- 9.2.5 Kies die korrekte sintuig wat die bedelaar deurgaans in die gedig gebruik om sy wêreld mee te ervaar.
- A Sig
B Smaak
C Reuk
D Gehoor (1)
- 9.2.6 Verduidelik waarom dit gepas is dat die digter juis hierdie sintuig gebruik. (1)
- 9.2.7 Haal DRIE AGTEREENVOLGENDE WOORDE uit strofe 3 aan wat daarop dui dat die bedelaar hardhandig behandel word. (1)
- 9.2.8 Wat sê die optrede van die skollie vir jou oor sy houding teenoor die bedelaar? (1)
- 9.2.9 Sou jy sê dat die bedelaar aan depressie ly? Motiveer jou antwoord. (1)
- 9.2.10 Verduidelik die bouse kringloop van eksploitasie soos dit in die gedig voorkom. (2)
- 9.2.11 Kies die korrekte antwoord uit die tussen hakies:
- Die dogtertjie is (simpatiek / onsimpatiek) wanneer sy met haar ma oor die bedelaar praat. (1)
- 9.2.12 Dink jy die dogtertjie se ma het reg opgetree om vir die blinde geld te gee? Motiveer jou antwoord. (1)
- 9.2.13 Kies die begrip in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–D) langs die vraagnommers (9.2.13.(a)–9.2.13.(c)) neer.

KOLOM A	KOLOM B
(a) "dan kan hy vir ewig en altyd rus " (reël 23)	A Personifikasie
(b) "trieng trieng, lui 'n fiets se klokkie" (reël 17)	B Vergelyking
(c) "sy hart klop vinnig soos die van 'n bang kind" (reël 13)	C Eufemisme
	D klanknabootsing

(3 x 1) (3)
[35]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70